# Die Haven Nuus

Aug 2014

## Nuwe seisoen!

El-Shalem het 'n nuwe seisoen betree toe ons op Donderdag 9 Jan 2014 die nuwe perseel in Jim van der Merwe str 69, Clubview ingetrek het.
Wat 'n "Amazing" groot fasiliteit! Ons Abba Vader het dit vir ons uitgesoek en uitgehou. Meer as wat ons gedink het om te vra; 4 klaskamers, 3 badkamers, 'n kuns studio,ruim kombuis, kantoor, TV kamer, groot ontvangs en boonop 2 woonstelle ook.

Ons fasiliteerders het nou selfs 'n inslaap fasiliteit. Die fasiliteit kan nou uitbrei met 'n baba terapie sentrum. Die aanvraag is groot vir baba's met spesiale behoeftes, sodat terapie op 'n jong ouderdom kan begin.

Dankie Koning! Ons is gebless!!!

## Woord vir 2014

Ex 14:14
Die HERE sal vir julle stry, en julle moet stil wees.

Jes 54:17
Elke wapen wat teen jou gesmee word, sal niks uitrig nie; en elke tong wat teen jou opstaan in die gereg, sal jy weerlê. Dit is die erfdeel van die knegte van die HERE en hulle geregtigheid wat uit My is, spreek die HERE.

# Nuwe kinders en personeel

Ons sê "hallo" aan Pia, Tylar, Drémar en Thembi in die Shofar klas, Enrico, Lourens, Yusra en Tsiamo in die Lexee klas en Emma in die Harmony klas. Almal pas mooi aan en ons vertrou julle gaan gelukkig wees by ons.

Welkom ook aan Elsie en Merriam op die span!

Ons is jammer om tatta te sê vir;

- Loane & Charne Des 2013, hulle bly te ver op 'n plot en mamma begin 'n groep van haar huis af!
- Ansley- ook Des 2013, hulle woon ook te ver en hy is nou by Alma Skool
- Alexa – al middel 2013 ons verlaat
- Lerine – hulle het April hierdie jaar Jeffreys baai toegetrek
- Dineo – gaan eers weer Jan 2015 inval a.g.v. 'n vervoer krisis
- Juf Leané het einde Aug klaar gemaak

Mag julle altyd bewus wees dat Jesus by julle is!

# El-Rapha Studio (Die Here genees)

Die hart van die studio is om Vader se genesing te laat gebeur d.m.v. kreatiwiteit. Brenda loop hier in gehoorsaamheid.
In die El-Rapha Studio, kry elke ingeskrewe persoon by El-Shalem, die geleentheid om hulle self in een of ander vorm van kuns uit te leef. Afval material word sover moontlik gebruik hiervoor. Dit is belangrik dat elkeen hulle eie produk maak.
Hierdie produkte word weer verkoop.

Van die produkte: deurstoppe uit koffie blikke wat geskuur, geverf en met hessian versier is, 'n hart of 2 en 'n Skrif daar-op; Magneet nota boekies, penne houers en tafel plek matjies.

# Vaardige manne!

Met Tekkies nie meer in Pretoria, spring die manne in en elkeen wat kan boor, kap en verf bring hulle kant om te help rakke opsit, hakkies vassit, kaste en tafels regmaak, sodat ons weer op ge-oliede wiele kan hardloop.
'n GROOT DANKIE vir elke een wat gehelp het met die trek, herstelwerkies en steeds op gereelde basis help met wat julle het. Mag julle uitermate geseën word.

# Winter Wonder Ball

Op 1 Aug het El-Shalem ons eerste *Winter Wonder Ball* gehou!

Vir die dames was dit 'n groot geleentheid om weer op te tof in 'n aandrok met al die bykomende versierings! En die manne se kis pakke uit die kas te haal, sommiges wat selfs nog in hulle "matriekafskeid pakke" gepas het!

Luan de Beer, se veelsydigheid as seremoniemeester, het verseker die koue, wintersaand omskep in 'n heerlike, warm geselligheid!

**DANKIE** aan ELKE PERSOON wat bygedra het tot die sukses van hierdie funksie.

# Klasprogramme

Die senior groep is meer gefokus op hand- en kunsvaardighede, groente bewerking en praktiese aktiwiteite. Van die juniors vorder dinamies met die lees en skryf program en die kinders op die Els-4-Autism program vorder fluks.

# Uitreikspanne

- Highschool Sutherland wat vir elke kind 'n t-hemp gekoop het en kom help verf het daaraan.
- Hoërskool Zwastkop se beraderspan wat kom uitreik het en ons kinders bederf het met "manicures"
- Momentum life wat cup-cakes gebring het en kom deel het in die pret om dit te versier.
- Die mondhigiënis en tandartse wat help om ons tande goed te versorg.
- Sutherland "Highschool" wat gehelp het om ons groente tuin van die grond af te kry.

Baie dankie vir julle almal, ons weet dat El-Shalem ook 'n verskil in julle lewensuitkyk gemaak het.

# Aktiwiteite

<u>Gholf</u>

Ons besoek steeds Donderdae die Zwartkop Gholfbaan. Hier kry die kinders geleentheid om hulle bal-vaardighede en groot-motoriese vaardighede te oefen. Sommiges jaag sokkerballe en ander kyk hoe ver hulle die bal kan slaan. Ons moet die kleintjies keer om die balle van die ander gholfers bymekaar te maak en vir ons te bring! Ongelukkig was ons besoeke beperk a.g.v. van die oorstromings vroeer die jaar en nou die winter.....

<u>Aankope</u>

Van die senior groep word blootgestel om saam te gaan aankope doen en sommige kinders word geneem na die haarsalon vir 'n haarsny.

<u>"Veggie-projek" en perskes</u>

Intussen het ons "Veggie-projek" weggetrek. Dit behels die bewerking van vars groente, wat die publiek tyd spaar. Ons het ook gedroogde perskes uit die Kaap gekry wat ons verkoop as fondsinsameling. Dit verkoop soos soetkoek! Dankie aan al die "bemarkers" wat ywerig perskes verkoop en bestellings inbring vir die groente, julle is "osim"

# Koningskinders hou konsert

Op 22 Augustus het die Koningskinders van El-Shalem hulle eerste konsert gehou.

Elke een het hulle deel gedoen en baie weke hard geoefen. Ons weet dat ons elke een 'n kind van Koning Jesus is, as ons Hom in ons lewe in nooi. Hierdie boodskap het ons uitgedra op die konsert.
Die vreugde en blydskap vanaf die verhoog het oorgespoel na die gehoor.
Hierdie konsert is nie moontlik sonder die harde werk van 'n OSIM span nie. Julle is A-M-A-Z-I-N-G!

# DANKIE

Ons harte loop oor van dankbaarheid teenoor elke persoon wat weer-eens hulle harte en hande oopmaak om El-Shalem te seën, so baie baie dankie!!!!

- Ouma se spens
- Rina Bradley
- Date-lec
- Spar
- Helpende Hand
- Die Bleshoenders (Centurion Golf Estate se "ouer" spelers)
- Fournos
- En al die maandelikse finansiële borge.

# Kontak Besonderhede

Straat adres: Jim van der Merwe str 69, Clubview, Centurion, 0157, RSA
E-pos adres: elshalem.haven@gmail.com
Tel: (012) 654 7886
Fax: +27 (86) 601 2473
Cell Sandra: +27 (82) 923 3363
Cell Filicia: +27 (73) 331 2643

Bank besonderhede

Rek Naam: El-Shalem Haven (Pty) Ltd
Bank: FNB
Tak: Eldoraigne
Tak Kode: 250655
Rek no: 62389178958
Tipe: Besigheids Tjek rek